

Maandag 26 Junie

Skrifgedeelte: Hebreërs 11:29-40

Fokusgedeelte: Hebreërs 11:39-40

Leef enduit in geloof

Wag op iets is altyd moeilik. Wagtyd is vol onsekerheid. Die begunstigde in 'n testament weet die testamentmaker kan van gedagte verander. Hy moet wag vir die testamentmaker se dood.

As testamentmaker is God anders as mense. Hy gaan nie dood nie. Hy verander ook nie langs die pad van gedagte nie. Hy het sy beloftes in sy testament bekendgemaak. Abraham en almal wat soos hy glo, is as erfgename benoem. Sy groot belofte was: Die Messias kom.

Al getuig die Skrif van die geloof en geloofshandeling van die gelowiges van die Ou Testament, moes hulle vir die vervulling van hierdie groot belofte wag (Heb. 11:39). Vir hulle wag was daar goeie rede: ... *omdat God iets beters oor ons beskik het, sodat hulle nie sonder ons volmaak sou word nie* (Heb. 11:40).

As die mense van die Ou Testament in geloof en vertroue volhard het, het ek en jy in die era ná die koms van Christus en die Heilige Gees soveel groter rede om in geloof en vertroue te volhard.

Stel jou die vreugde in die hemel voor toe die Messias wat God aan hulle belofte het, as mens gebore is. Hoor jy hoe die gejuig 'n crescendo bereik het toe Hy ná sy kruisdood opgestaan het? Sien jy die oneindige vreugde van die skare gelowiges van die ou bedeling toe Hy ná voltooiing van sy aardse bediening in die hemel opgeneem is? Watter rede tot intense vreugde in die hemel en op die aarde!

Sing: Skrifberyming 14-1:1, 2

Ds. JH (Johan) Jordaan (Vereeniging)